Heuningbye in Suid-Afrika

– wat grondeienaars kan doen om te help

Suid-Afrika se inheemse heuningbye word deur byeboere bestuur om heuning te oes en oesgewasse te bestuif.

Die bestuur van heuningbye is baie noodsaaklik vir voedselproduksie in Suid-Afrika. Meer as 50 oesgewasse maak staat op insekbestuiwing.

Byeboere gebruik verskillende blomplante om voedsel regdeur die jaar aan hul kolonies te verskaf. Bloekombome, oesgewasse, inheemse bome en struike, stedelike tuine, en selfs onkruid langs die pad, word gebruik om die stuifmeel (proteïene) en nektar (koolhidrate) te verskaf wat heuningbye nodig het om 'n sterk en gesonde kolonie op te bou.

Dit is moeilik om genoeg gesonde heuningbye vir die bestuiwing van oesgewasse te volhou. Om plae (bv. *Varroa*-miet) en siektes (bv. Amerikaanse jongbysiekte), asook blootstelling aan plaagdoders te weerstaan, is 'n gesonde dieet noodsaaklik vir die volledige funksionering van die heuningby se immuunstelsel.

Byevriendelike beleid en praktyke kan help om voedsel vir heuningbye te verseker en sodoende Suid-Afrika se byeboerbedryf te steun en landbougewasproduksie te verhoog.

Alle grondeienaars het 'n rol om te speel.

Goeie voedsel vir heuningbye > Goeie gewasbestuiwing > Goeie opbrengs en gehalte

Voedselsoorte belangrik vir heuningbye

Bloekombome (eukaliptusbome) verskaf 'n betroubare stuifmeelbron en nektarvloei, en die verskillende spesies wat op verskillende tye van die jaar blom maak dit 'n betroubare voedselbron vir kolonies.

Inheemse plante wat vir byeboere belangrik is, sluit in: fynbosspesies (bv. erikas, proteas, boegoes en vygies); aalwynspesies (bv. *Aloe greatheadii* [bontaalwyn]); inheemse doringbome (bv. *Vachellia karroo* [soetdoring] en *Ziziphus mucronata* [blinkblaarwag-'n-bietjie]). Laasgenoemde twee verskaf belangrike voedsel in die winter aan heuningbye in die noordelike streke van Suid-Afrika.

Sommige ***landbougewasse*** (bv. kanola, lusern, sonneblomme, sitrus) is belangrike voedselbronne vir heuningbye wanneer in blom. Baie byeboere maak daarop staat dat kwekers van hierdie oesgewasse instem tot die plasing van kolonies op hulle plase.

Onkruid – sommige inheems (bv. winterkruid) en sommige uitheems (bv. §) – is ook belangrike blombronne vir heuningbye.

Lyste van plantspesies wat vir byeboere belangrik is, sal op www.sanbi.org.za beskikbaar wees.

Wat grondeienaars kan doen

Omdat die huidige habitats en voedselbronne minder word, moet ons bestaande byevriendelike plante beskerm en in stand hou deur meer byevriendelike plante aan te plant.

Grondeienaars kan die volgende onderneem:

Oorweeg dit om ***toegang tot byeboere te verskaf.*** Plaaslike byeboerverenigings word op www.sabio.org.za gelys.

Werk saam met byeboere om te verseker dat byekorfterreine ***veilig en ontoeganklik vir vandale is.***

Een van die groot uitdagings vir byeboere in Suid-Afrika is dat hulle korwe dikwels beskadig word of heuning gesteel word.

Beskerm natuurlike plante op jou plaas en oorweeg altyd plantbronne wanneer bestuursplanne, omgewingsimpakevaluerings en beste landboupraktyke geïmplementeer word.

Hoewel bloekombome indringers kan wees, is die doel om die moontlikheid daarvan deur goeie bestuur te beperk en die uitwerking op heuningbye se voedsel te verminder.

Grondeienaars moet die spesies en ligging van bloekombome op hul plase identifiseer.

Dié sonder bloekombome kan dit oorweeg om sekere nie-genoteerde spesies (bv. *E. ficifolia* of *E. gomphocephala*) te plant waar hulle nie waterbronne bedreig of 'n indringingsgevaar stel nie.

Bloekombome behoort verwyder te word indien hulle langs waterlope, binne beskermde gebiede of ekosisteme wat vir bewaringsdoeleindes geïdentifiseer word, voorkom.

Ses bloekomboomspesies verskyn op die voorgestelde lys regulasies van uitheemse indringerspesies (sien name hieronder) wat onder die Nasionale Omgewingsbestuur: "Biodiversity Act" (NEMBA), 2004 as "Kategorie 1b" gepromulgeer sal word (m.a.w. hulle moet "in bedwang gehou word"). Verskeie toegewings is egter weens hul waarde vir byeboere gemaak, bv.: hulle word nie gelys nie indien 1) hulle in sekere biome is; 2) hulle binne bewerkte grond is; 3) hulle binne 50 m vanaf huise is; of 4) hulle volwasse bome in stedelike gebiede is.

Eucalyptus camaldulensis - Rooibloekom
Eucalyptus cladocalyx - Suikerbloekom
Eucalyptus conferruminata - Spinnekopbloekom
Eucalyptus diversicolor - Karri
Eucalyptus grandis - Salignabloekom
Eucalyptus tereticornis - Bosrooibloekom

Hulle kan ook met 'n permit (in Kategorie 2) afgebaken word as voedsel vir bye, oesrye of houtpersele. Meer besonderhede sal op **www.invasives.org.za** verskyn.

Onthou dat ***landbouchemikalieë*** 'n groot uitwerking op alle insekte kan hê. Opvoeding oor chemiese aanwending en veiligheid is dus nodig vir boere, plaaswerkers en landboubeamptes, aangesien die gebruik van chemikalieë anders as op die etiket gespesifiseer, 'n probleem in Suid-Afrika kan wees. Kwekers moet spuitpraktyke met byeboere bespreek.

Oorweeg byevriendelike plante wanneer jy tuinmaak, windskerms plant of grond ná 'n ontwikkeling rehabiliteer (bv. damwalle, padberms, ens.).

Vra jou plaaslike kwekery watter variëteite plaaslik voorkom om probleme met indringing of hibridisering met veldspesies in die omgewing te voorkom.

Oorweeg dit om komplementêre gewasse (soos laventel of basiliekruid) of selfs voergewasse (soos lusern, klawerplante of wieke) te plant wat belangrike voedsel vir heuningbye is.

Moenie onkruid wat vir bye aantreklik is onnodig spuit of uittrek nie.

Hierdie brosjure is as deel van die leesstof van SANBI se projekte oor bestuiwing en voedsel vir heuningbye uitgegee.

Besoek www.sanbi.org vir nadere besonderhede of kontak Mbulelo Mswazi (Uitreikbeampte) op m.mswazi@sanbi.org.za

SANBI
Biodiversity for Life